# Les 1 VERLOSDE KINDERS: DIE HERE JESUS IS ONS VERLOSSER

| |
|---|
| Les doelwit: Die Here se naam is Jesus. Dit beteken "Verlosser". Sonde vang en bind ons vas sodat ons sonder die Here se liefde bly. Jesus verlos ons van sonde. |

## 1. Die Bybel sê die Here verlos ons

Kom ons luister na twee tekste uit die Bybel. Die eerste een is uit Matteus 1: *"[20]Terwyl hy dit in gedagte gehad het, het daar 'n engel van die Here in 'n droom aan hom verskyn en gesê: "Josef seun van Dawid, moenie bang wees om met Maria te trou nie, want wat in haar verwek is, kom van die Heilige Gees. [21]Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.*"

Luister weer na die laaste sin: "*en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.*"

Kom ons luister nou na 'n teks uit die brief wat Paulus aan die Christene in die stad Efese geskryf het: *"[7]Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God*".

Hier staan die Here het ons verlos en vergewe.

## 2. Jesus se naam is "Verlosser"

Die engel sê vir Josef dat wanneer Maria se kindjie gebore word, hulle hierdie kindjie "Jesus" moet noem. Dit is die naam wat hulle vir die Here moet gee. Hulle kan Hom nie sommer noem wat hulle wil nie. Hulle kan hom nie Josef se naam gee, of Josef se pa se naam, of Maria se pa se naam nie. God sê vir hulle wat hierdie kindjie se naam moet wees. Sy naam moet Jesus wees.

Daar is 'n baie goeie rede hoekom die Here se naam "Jesus" moet wees. Want hierdie naam is nie sommer net 'n naam nie. Hierdie naam het 'n baie spesiale betekenis.

Die naam "Jesus" beteken "Verlosser".

## 3. "Verlossing" beteken om losgemaak te word

Wat beteken hierdie woord: "verlossing"? Dit beteken om losgemaak te word van iets wat jou vasvang en vashou.

Dit is soos wanneer jy in 'n rivier swem en dink jy kan deurswem, maar dan kom jy agter die rivier vloei te sterk. Jy is binne-in die rivier. Die rivier se krag sleep jou weg. En jy kan nie uitkom nie. Jy is vasgevang in die krag van die rivier wat jou gaan laat verdrink.

Verlossing is wanneer iemand anders kom en jou uit die rivier uithaal. Jy word verlos van die krag waarmee die rivier jou vasgevang het, en wat jou kon doodgemaak het.

Verlossing is ook soos wanneer diewe by ’n huis inbreek en jou vasbind. Dan kan jy niks doen nie. Jy moet maar net sit en kyk hoe hulle al jou goed vat. Jy moet maar net sit en wag om te sien wat hulle met jou gaan doen. Jy is vasgebind en kan niks vir jouself doen nie.

Verlossing beteken dat iemand anders kom, die diewe vang en jou losmaak.

Elke keer as ons die woord “verlossing” in die Bybel hoor, beteken dit ons word losgemaak van dit wat ons vasvang en vashou.

**4. Jesus is Verlosser, want Hy maak ons los**

Dit is hoekom die engel vir Josef sê dat hulle die Here “Jesus” moet noem. Want die Here gaan Sy kinders losmaak van alles wat hulle só vasvang en vasbind dat hulle Hom nie kan liefhê nie.

Hoekom word die Here die Verlosser genoem?

Want Hy maak ons los van alles wat ons vasvang en vasbind!

**5. Jesus verlos ons van sonde**

Wat sê die Bybel is dit wat ons só vasvang en vasbind dat net die Here ons daarvan kan losmaak? Kom ons kyk weer na wat die engel vir Josef sê: “*..en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos*.” Waarvan sal die Here ons verlos? Die Here verlos ons van ons sonde.

Dit is wat die Here se kinders kan vasvang en vasbind: sonde.

Sonde bind mense nie só vas dat hulle nie kan beweeg nie. Sonde is ook nie iets wat jou só vasvang dat jy nie kan loop of swem nie. Sonde bind jou heeltemal anders vas.

Sonde bind mense só vas dat hulle nie meer liefde kan ontvang of liefde kan gee nie. Dit is wat die Bybel sonde noem: dit wat mense só vasbind dat hulle nie meer die liefde van die Here kan ontvang nie en dit wat hulle só vasvang dat hulle nie meer die Here kan liefhê nie.

Dit is hoekom die Here se naam “Jesus” is!

Hy het gekom om ons los te maak van sonde. Die Here het gekom om ons los te maak van alles wat ons só vasvang en vasbind dat ons Hom nie meer kan liefhê of Sy liefde kan ontvang nie.

**6. Wat ons die jaar gaan leer**

Dit is wat ons hierdie jaar uit die Bybel gaan leer: die Here is ons Verlosser. Daarom is die Here se naam “Jesus”. Hy maak ons los van alles wat ons só vasvang en vasbind dat ons nie Sy liefde kan ontvang en Hom kan liefhê nie. Die Here verlos ons sodat ons in Sy liefde kan leef, en sodat ons Hom altyd kan liefhê.

**7. Opdrag**

Gaan vra vir Papa en Mamma, of enige grootmens: Hoekom is die Here se naam “Jesus”? Dan sê julle vir hulle waarvan maak die Here ons los: alles wat ons vasvang en vasbind sodat ons nie die Here se liefde kan ontvang of Hom kan liefhê nie.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

__________________________________
Handtekening: ouer of voog